

Ek wil graag vir julle 'n artikel uit die Baba & Kleuter van Junie 2001 kortliks weergee. Die artikel is geskryf deur Amanda de Lange en is getiteld:

## **DIE 10 ALGEMEENSTE FOUTE WAT OUERS MAAK en hoekom jy jou nie daarvoor moet bekommer nie**

### **1. JY DREIG SONDER OM OP TE TREE**

As jou dreigemente bloot uit frustrasie spruit en lëe dreigemente is, breek dit jou kind se beeld van jou as gesagsfiguur af. Wat jy eerder moet doen, is om 'n ferm benadering te volg, oogkontak met jou kind te behou en tot op sy hoogte af te sak. Verwyder versoekings wat probleme kan veroorsaak en hou jou kind verantwoordelik vir sy dade. *Jou kleuter reageer nie op jou dreigemente nie, want hy weet niks gaan daarvan kom nie!*

### **2. JY PRAAT OF TREE OP UIT WOEDE**

Wanneer jy kwaad is, is die kans goed dat jy dinge gaan sê of doen waarvoor jy later spyt gaan wees en wat afbrekend teenoor jou kind kan wees. Die beste ding om te doen, is om te probeer om vir 'n minuut lank niks te sê nie of om tot 10 te tel. Sê dan vir jou kind: „Ek gaan nou na my kamer toe tot ek bedaar het. Ek sal daarna met jou praat.”

### **3. JY OORBESKERM / PIEP JOU KIND OP**

Ouers wat hulle kinders oorbeskerm, ontnem hulle die voorreg om op hul eie voete te staan, self verantwoordelikheid vir hul lewens te aanvaar en om waardevolle lewenslesse te leer. Kinders moet blootgestel word aan situasies waarin hulle waardevolle lewenslesse kan leer. *Laat jou kind toe om te leer uit sy/haar eie foute.*

### **4. JY PROBEER JOU KIND SE BESTE VRIEND WEES**

Ouers dink dikwels hulle moet vir hul kinders 'n maat wees, maar dis juis nie waar nie. 'n Ouer is daar om vir sy kind 'n rolmodel te wees. Dis nie goed om dinge met 'n kind te deel wat nie op sy vlak is nie, want dit veroorsaak spanning. So kind gaan ook nie vir jou respek hê nie.

### **5. JY DRUK JOU KIND OM AAN TE VEEL AKTIWITEITE DEEL TE NEEM**

Dit is baie belangrik dat kinders die geleentheid het om te speel en sommer net kind te wees. Hulle moet hulle vrye tyd kan geniet. Laat jou kind net aan 'n paar aktiwiteite deelneem en dan ook net aan die wat hy/sy geniet. *Ek glo in die positiewe waarde van buitemuurse aktiwiteite, maar te veel kan jou kleuter onder druk plaas.*

### **6. JY IS SO GESTELD OP STIMULASIE DAT JOU HUISLIKE OMGEWING EN JOU OUER-KINDVERHOUDING DAARONDER LY**

Dis baie belangrik vir ouers omte onthou dat hulle in die eerste plek ouers is en nie hul kinders se onderwysers nie. Baie word gesê oor die

belangrikheid van stimulasie en hoewel dit 'n plek het, moet elke ouer sy instinkte vertrou wat betref sy kind se behoeftes.

7. **JY SIEN JOU KIND AS 'n MIDDEL WAARDEUR JY JOU VERLORE GELEENTHEDE KAN BENUT OF JOU DROME KAN BEWAARHEID**  
As ouers weet julle nou al dat sekere geleenthede slegs een keer kom en dikwels laat dit jou bang dat jou kinders 'n waardevolle kans om iets kosbaars te doen of te beleef gaan mis. Verwerk self jou eie verlore kanse en onthou dat jou kind sy eie drome en doelwitte het en nie noodwendig die paadjie wil loop wat jy gemis het nie.
8. **JY GEE NIE STRUKTUUR AAN JOU KIND NIE - VERAL TYDENS KRISISSE OF TYE VAN VERANDERING**  
Kinders het struktuur en grense nodig om 'n veilige leefruimte te hê - veral wanneer hulle 'n krisis beleef of wanneer daar veranderinge in hulle omgewing en lewe plaasvind. Struktuur gee aan kinders 'n gevoel van sekuriteit.
9. **JY STEL JOUSELF EN JOU EIE BELANGE HEEL LAASTE**  
Soms is veral ma's geneig om te dink dat dit van hulle 'n beter ma maak as hulle hul eie behoefters agterlaat. Dit is egter nie die regte ding om te doen nie en bring mee dat jy nutteloos en afgeskeep voel. Onthou altyd: Gelukkige ouers = gelukkige gesin.
10. **JY SKEEP JOU HUWELIK AF TER WILLE VAN JOU KINDERS**  
Babas en klein kinders is veeleisend, dit weet almal. Hulle kan jou leegtap sodat jy voel jy het niks oor om aan jou man te gee nie. Dit is egter belangrik dat jou huwelik bo-aan jou voorkeurlysie moet bly, want 'n gelukkige huwelik bied aan jou kind die ruimte om meer te leer oor verhoudings en konflikhantering. Dit gee ook vir hom die sekuriteit wat hy nodig het om tot 'n gelukkige, gesonde mensie te ontwikkel.

#### **4 DINGE WAT OUERS MOET ONTHOU**

- Kinders is nie besittings nie. Hulle word vir 'n paar jaar aan hul ouers geleen om voorberei te word op die eise en verantwoordelikhede van die lewe.
- Wees konsekwent. Onthou dat daar nie so iets bestaan soos volmaakte ouers of volmaakte kinders nie. Erken dat jy soms foute maak en vra jou kind om verskoning wanneer jy gefouteer het. Deel met hom wat jy geleer het.
- Soek wen-wen uitkomst eerder as wen-verloor uitkomst. Om dit te reg te kry, moet jy die hele gesin se insette kry - ook jou kinders s'n.
- Gee ek-boodskappe eerder as jy-boodskappe. Pleks van om te sê: "Jy maak my senuwees klaar as jy so rondhardloop," sê liewer: "Ek is bang jy val en kry seer as jy so rondhardloop."

#### **'N GESONDE REAKSIE OP FOUTE**

Jou kinders hou jou fyn dop. Jy kan hulle deur jou voorbeeld leer dat die manier waarop jy jou foute hanteer, belangriker is as die fout self.

- **ERKEN JOU FOUTE.** Dit is die eerste stap in die gesonde hantering van foute.
- **WYS VIR HULLE JOU FOUTE IS HANTEERBAAR.** Deur te sê: “Ag, nee! Ek gaan dit nooit weer probeer nie.” Leer jy jou kind dat foute onoordkomek is. Reageer eerder met: „Dit het nie gewerk nie. Dit lyk my ons sal iets anders moet probeer.“
- **BERISPE DIE KRITIESE STEMMETJIE BINNE-IN JOU.** Baie maal moet jy eers die stem van kritiek binne jou stilmaak, voordat jy jou foute kan aanvaar.
- **ONTHOU DAT OM JOUSELF TE KAN TEREKWYS, 'n TEKEN VAN WERKLIKE INNERLIKE KRAG IS.** Dit verg moed om jou foute te erken.
- **VRA OM VERSKONING.** Van die belangrikste woorde in elke ouer se woordeskat is: “Ek is jammer.”
- **DOEN STAPPE OM DIESELFDE FOUT TE VERMY.** Dit is nie genoeg om te erken jy het 'n fout begaan en dan dieselfde fout oor en oor te herhaal nie. As jy werklik wil verander, doen iets omtrent jou foute.
- **DEMONSTREER HOE 'n MENS UIT JOU FOUTE LEER.** Verduidelik vir jou kind wat jy gaan doen om te keer dat dieselfde fout weer herhaal word.
- **SLUIT JOU KIND IN BY DIE PROBLEEMOPLOSSINGSPROSES.** Voorskoolse kinders is baie lief daarvoor om met idees vorendag te kom en hulle voorstelle mag jou dalk net verbaas.
- **GEBRUIK HUMOR.** Humor is 'n wonderlike uitlaatklep wanneer ons bekommers is oor ons blapse.
- **ONTHOU DAT KINDERS NIE VAN PORSELEIN GEMAAK IS NIE.** Kinders word selde benadeel deur net een van ons foute. Hulle leer ook meer uit ons konsekwente reaksies deur die jare as uit die sporadiese foute wat ons maak. Kinders is ongelooflik sterk en vergewensgesind. Hulle gee jou so baie kanse en hulle bly lief vir jou vir 'n leeftyd lank.

Marzanne Booyens  
SKOOLHOOF